# DEUTERONOMIUM - GISTER EN VANDAG

F.N. Lion-Cachet
Departement Ou Testament, PU vir CHO

## ABSTRACT

In this article the meaning of Deutoronomy is described from the perspective of a revelation-cognitive viewpoint, and attention is directed to the prescriptive character of the book. Deuteronomy has its origin with Moses, but in the course of many years it has been supplemented and actualized. The revelational content testifies amongst others that Moses is speaking in the name of Yahweh; what the relationship is between Yahweh and the nation; Who He is and what is demanded of each member of the nation; and there is a consideration of the special time-bound determinations which are yet constructed on the basis of firm principles. In the New Testament the power of the Word, as actualized in the teachings of Jesus, can be found again.

## INLEIDING

Die boek Deuteronomium is een van die belangrikste boeke in die Ou Testament wat seker een van die eerste samevattings is van die geloofswaarhede van Ou Israel. Von Rad (1966:29) beweer dan ook: "Deuteronomy is intended to be at least something in the nature of a 'complete course of instruction', an attemp to embrace the sum total of the revelation of Yahweh's will with all that this involved."

Die boek is die sleutel in die Ou-Testamentiese bronnenavorsing. Craigie (1976:73) het opgemerk: "Since the presentation of de Wette's hypothesis, near the beginning of the nineteenth century, Deuteronomy has become a cornerstone in much of the scientific study of the history, literature, and religion of Israel." Childs (1979:204) praat van die boek as die "linchpin for the source-critical theory of the Pentateuch" en laat daarop volg: "Moreover, the importance of Deuteronomy is further evidenced by many modern scolars who hold that Deuteronomy constitutes the centre of Old Testament theology."

Deuteronomium is 'n grootse werk. Die boek getuig self van die heerlikheid van die kennis van die HERE van die verbond wat aandring op die aanbidding en die grootmaking van sy Naam. Die vraag is egter of Deuteronomium net 'n boek van die verlede is. Is sy belangrikheid net van akademiese belang (op deskriptiewe vlak) of het dit ook praktiese (preskriptiewe) betekenis? Is Deuteronomium ook 'n getuienis vir vandag?

Die vraag moet ook beantwoord word vanuit die voorwetenskaplike veronderstelling dat die ewig soewereine God Homself in sy skeppingswoord (die natuur) en in sy onfeilbare Skrifwoord (die Bybel) geopenbaar het. Hoe kan navorsing met 'n openbaringskognitiewe uitgangspunt (Gods openbaring wat tot 'n kenbare, begrypbare, toetsbare, evalueerbare, en gesistematiseerbare wetenskap kan lei) die vraag beantwoord?

In die beantwoording sal 'n openbarings-grammaties-historiese model gebruik word. Dit veronderstel sowel 'n grammatiese (wat aan al die eise wat die taalkunde stel, wil voldoen) as 'n letterlik-historiese metode terwyl hierdie sinchroniese ondersoek vanuit 'n openbaringsperspektief onderneem sal word.

In die artikel sal gelet word op die integriteit van die outeur(s), wat in die karakter en die onderrig van die boek die wese van die Godsdiens sodanig tot openbaring gebring het dat dit van die kernmomente van aanhalings van Jesus in die Nuwe Testament kon gevorm het. Dit sal die grootse betekenis van Deuteronomium vir die Nuwe Testament en vandag aantoon.

## 1. DIE INTEGRITEIT VAN DIE OUTEUR(S)

Dat Deuteronomium 'n besondere boek is, word deur almal erken maar dit is waar die eenstemmigheid ophou. Oor die outeur of versamelaars en redakteurs is daar groot verskil. Moses is tradisioneel as die outeur aanvaar en die indruk word ook in die Nuwe Testament gewek dat hy 'n wesenlike bydrae gelewer het. De Wette het egter in 1805 met sy Dissertatio Critica hierdie eenstemmigheid vergoed in skerwe laat spat, en vandag huldig die meeste navorsers die mening dat die outeur en die ontstaantyd in die sewende eeu voor Christus gesoek moet word.

1.1 Die opvattings kan gemaklikheidshalwe in die volgende vier kategorieë ingedeel word (cf. Thompson, 1974:47-68):

### 1.1.1 Letterlik van Moses

Hierdie opvatting is gegrond op die selfgetuienis dat Moses self aan die woord is (Deut 1:1; 5:1; 29:2; ens.); dat Jesus en Paulus dit so aanvaar het (Matt 19:8; 1 Kor 9:9; ens.); dat die kultiese wette in die tyd van Moses ingepas het; dat daar talle herinnerings aan die uittog uit Egipte was (Deut 5:15; 7:15; ens.); dat daar geen verwysing na Jerusalem was nie; dat die wette in die tyd van Hoséa, Amos en Miga bekend was (Hos 5:10 (Deut 19:14); Am 8:5 en Miga 6:10-11 (Deut 25:13-15)); dat die boek die struktuur van die vasalverdrae van die tweede millennium voor Christus vertoon; ensovoorts.

Die verteenwoordigers van die gedagte is onder andere C.F. Keil en F. Delitzsch, R.K. Harrison, M.G. Kline, M.H. Segal, P.C. Craigie, J. Ridderbos, ensovoorts.

### 1.1.2 Essensieel van Moses maar verwerk en geaktualiseer voor die sewende eeu voor Christus

Hier word Moses se bydrae nie ontken nie, maar dit word aanvaar dat daar verwerkinge, bywerkinge en aktualiserings na die eis van latere veranderde sosiaal-politiese omstandighede bygekom het. Die klem val nie op kultuseenheid (soos geponeer deur diegene met 'n sewende eeuse

opvatting) nie, maar op kultusreinheid (die diens van een God). Hier word dus redaksiewerk veronderstel wat deur Samuel (of ander profete) of die priesters by sekere heiligdomme, soos te Sigem, gedoen is. Die bydraes van Moses sou dan in die heiligdomme tussen 1250-1050 voor Christus bewaar gewees het, en dit word later deeglik geredigeer. Dat daar redaksiewerk gedoen is, blyk uit die doodsberig van Moses.

Verteenwoordigers is onder andere Theodor Oestreicher, A.C. Welch, E. Robertson, R. Brinker, en tot 'n sekere mate J.A. Tompson self, ensovoorts.

### 1.1.3 Van 'n onbekende outeur(s) in die sewende eeu voor Christus

Die sleutel tot hierdie hipotese is die geskiedenis van die ontdekking van die "wetboek" of "verbondsboek" in die tempel in die dae van Josia in ongeveer 621 voor Christus (2 Kon 22-23; 2 Kron 34). Dat hierdie wetboek geheel of gedeeltelik Deuteronomium was, was 'n tradisionele beskouing wat al deur die kerkvaders (Chrisostumus, Hieronimus, Athanasius) gehuldig is. Die toepassing in die hervormingstyd van Josia is opmerklik. De Wette en die meeste navorsers het egter 'n nuwe element bygebring. Hulle was van oordeel dat die bondsboek nie 'n herontdekking was nie, maar 'n nuutskepping. Hulle motivering is dat dit literêr met derglike dokumente van daardie tyd ooreen kom; dat die agtste eeuse profete Deuteronomium nie geken het nie (moontlike verwysings is oneg); en omdat daar altyd 'n religieuse progressie is, is dit duidelik dat Deuteronomium religieus na Hosea, Amos en Jesaja volg. Die sogenaamde "ontdekking" is niks anders as "vroom bedrog" en dit is gedoen om die hervorming van Josia te inisieer of te stimuleer. Dat Moses redes in Moab gevoer het, is louter fiksie (cf. Von Rad, 1966:28).

Deesdae word wel erken dat Deuteronomium ou stof kon bevat het en daar word naarstiglik na kriteria gesoek om die ou stof en ander lae in die wordingsgeskiedenis van mekaar te onderskei. Moontlike kriteria is die enkelvoudige of meervoudige adres (jy/julle); die inleidende en slotgedeeltes (1-4 of 1-11 en 28-30 of 28-34) as toevoeginge tot die sentrale en oorspronklike gedeelte (12-26 of 27). Martin Noth beskou

1-3(4) as die inleiding tot die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedwerk (Josua-Konings).

Die verteenwoordigers van hierdie hipotese vanaf De Wette tot vandag is te veel om op te noem. Hieronder is G. von Rad, G.E. Wright, E.W. Nicholson, Ronald E. Clements, Moshe Weinfeld, N. Lohvink, en L. Perlitt (cf. Thompson, 1974:60-65; Childs, 1979:209).

Bogenoemde toon die gewildheid van die "sewende eeuse" opvatting, maar dit moet gestel word dat daar, wat detail betref, geen eenstemmigheid onder die navorsers is nie.

### 1.1.4 Van 'n onbekende skrywer(s) in die na-ballingskapstyd

Ten slotte word die bewering gemaak dat die wette van Deuteronomium glad nie in die tyd van Josia pas nie. Dit sou onprakties wees om te verwag dat al die Israeliete van heinde en verre moes kom om hulle feeste in Jerusalem te vier. Dit was alleen in die klein gemeenskap na die ballingskap moontlik. Selfs Haggai en Sagaria (1-8) het nie veel van Deuteronomium geweet nie. Met Maleagi en sekere dele van Nehemia is dit wel die geval.

Verteenwoordigers is G. Hölscher en R.H. Kennett.

## 1.2 Samevatting van eie navorsing

### 1.2.1 Direkte Skrifgegewens

Moses is self aan die woord (1:1, 2; 5:1-5; 27:1; 29:2; ens.). Hy spreek in die eerste persoon (2:1; 4:5; 5:5; ens.). 'n Literêre eenheid met 'n eiesoortige styl onderskei hom van die ander boeke van die Ou Testament. Die verwysingsraamwerk is die historiese omstandighede van die laaste jare van Moses (1-3; 5:15; 8:2; 15:15; 24:18; ens.).

### 1.2.2 Meer indirekte Skrifgegewens

- Dit is opmerklik dat daar 'n noue verband tussen Deuteronomium en die Bondsboek (Eks 20:22-23:33) is. Vergelyk Eksodus 21:1-11 met

Deuteronomium 15:12-18 of Eksodus 21:16 met Deuteronomium 24:7. (Vir 'n vollediger vergelyking kyk na Von Rad, 1966:13). Ongeveer 50% van die Bondsboek-wette is egter sonder enige parallel in Deuteronomium. Die parallelle wette is ook nie bloot herhaling nie, maar veronderstel 'n verandering in sosio-ekonomiese omstandighede (cf. Deut 15:12-18 en Eks 21:1-6; Deut 12:5 en Eks 20:22 (die plek van aanbidding)).

Deuteronomium bevat baie ander bepalings wat nie in die Bondsboek voorkom nie: Die wette in verband met wie tot die vergadering van Jahweh mag toetree (23:1-8); die oorlogswette en wie van oorlog onthef moet word (o.a. een wat 'n huis of wingerd gebou het) (20:1-8); die beleg van stede (20:10-20); die koningswet (17:14-20); ensovoorts.

Sekere wette is eintlik net in die pre-monargiese periode sinvol. Hieronder val die bevel om die Kanaäniete en Amalakiete uit te roei; die afwesigheid van enige verwysing na die tempel; die agrariese agtergrond van sekere insettinge; ensovoorts. Die Mosaïse oorsprong word hierdeur beklemtoon.

Uit bostaande kan die afleiding gemaak word dat in Deuteronomium ou beginsels (of 'n bundel wette) in 'n nuwe situasie van toepassing gemaak is, en waar dit nodig was, aangevul.

Daar is verder ook sekere ooreenkomste met Levitikus (cf. Lev 11:1-47 en Deut 14:1-21; Lev 23:15-21 en Deut 16:9-12; ens.), maar Deuteronomium mis baie bepalings rondom die priesters en hulle ampswerk (bv. die verskillende offers). Hierdie gedetaileerde besondere bepalings was blykbaar in Levitikus genoegsaam beskrywe.

In Josua-Konings word dikwels na die wetboek van Moses verwys (cf. Jos 1:7-8; 1 Kon 2:3; 11:11 en 38; 2 Kon 17:13-16, 34, 37). Dit veronderstel 'n Deuteronomistiese perspektief.

- Vervolgens vertoon die wette 'n tipies Ou Oosterse styl (cf. die tweede millennium gewoontereg; die Kodeks Hammurabbi; die gebruike in Palestina voor die intog soos dit uit die Amarna-briewe

bekend geword het, gebruike in Egipte, ensovoorts). Naas die apodiktiese en kasuistiese wette kom breër legale bepalings, soos die met betrekking tot die profeet (Deut 13:1-3) en die koning (18:8-9-22), wel voor.

- Dit is opmerklik dat Deuteronomium plekname en gebruike wat in die Noordelike Ryk voorkom, bevat. Daar word dikwels na Ebal en Gerisim (Sigem) verwys (11:29-30; 27:4, 13). Die koningswet in 17:14-20 veronderstel nie 'n koningsopvolging in die Dawid-dinastie nie, maar weerspieël opeenvolging van meer as een dinastie (cf. Craigie, 1976:50-53).

- Daar is ook meriete in die verbandlegging tussen Deuteronomium en die wetboek of die verbondsboek wat in die dae van Josia in die tempel gevind is (2 Kon 22-23; 2 Kron 34). Dit is nie moontlik om die omvang van die boek in daardie dae te bepaal nie, maar dit is sekerlik nie die huidige Deuteronomium nie, want die boek was verskeie kere gedurende dieselfde dag gelees (cf. Eissfeldt, 1966:173-176). Dat die boek in daardie tyd ontstaan het, het weinig eksegetiese steun. Deuteronomium was ook nie die prikkel tot die reformasie nie, want die reformasie het reeds voor die ontdekking van die wetboek begin. Dit is wel waar dat die sentralisasie van die kultus deur die afbreek van die hoogtes ernstig aangepak is, maar dit moet nie oorbeklemtoon word nie.

- Die struktuur van Deuteronomium lewer ook 'n bydrae tot sy ontstaansgeskiedenis. Keil (1949:271-274) onderskei drie redes naamlik 1:6-4:40, 5:1-26:19, 27:1-30:20 met 31:1-34:12 as 'n weergawe van die eindgebeure in die lewe van Moses. Dat daar redes was, kan moeilik betwis word, maar oor die afgrensing van die verskillende redes is daar nie eenstemmigheid nie.

Dit is aan die anderkant voor die hand liggend om met die Ou Oosterse verbondsstruktuur rekening te hou. 1:1-28:68 (19:1) kom ooreen met die Hetitiese verdrae ten opsigte van die elemente en die rangskikking daarvan. Wat die formulering van die elemente betref, stem die inleiding, die slot, die dokumentsklousule en die seëninge en vervloekinge ooreen met die formulering en fraseologie van die verdrae in die eerste

millennium. Dit is daarom nie moontlik om alleen op grond van die verbondsstruktuur Deuteronomium in die tyd van Moses of Josia te dateer nie (cf. Van Rooy, 1977:270). Die moontlikheid van twee vormtydperke moet op die een of ander manier verdiskonteer word.

Bogenoemde maak dit aanvaarbaar dat redakteurs aanvullings en aktualiserings in nuwe omstandighede gemaak het (cf. Jer 36:32). In Deuteronomium 4:2 en 12:32 word beklemtoon dat geen woord bygevoeg en niks weggelaat mag word nie. Hierdie sogenaamde "kanonieke formule" raak die essensie of die beginsel van die wette en nie die bewoording of die toepassing van die beginsel nie (cf. die verskil van bewoording en konteks in die vyfde gebod van die Dekaloog soos dit in Eks 20 en Deut 5 voorkom). Die "kanonieke formule" wat dikwels in die Ou Ooste voorgekom het (bv. by Ptah-hotep in ca. 2450 v.C., en in die vasal verdrag van Essarhaddon), verseker die gesag van die dokument.

Daar bestaan nie eenstemmigheid ten opsigte van die verskillende strata van die boek nie. Miskien is dit die beste om veral rekening te hou met redes (van Moses), 'n versameling van ou wette, 'n omwerking met in ag neming van die verbondstruktuur(e) en redaksionele werk.

### 1.3 Moontlike riglyne om die ontstaansgeskiedenis van Deuteronomium te verstaan

Moses het aan die einde van sy lewe redes gelewer waarin hy die ou Horeb-bepalings (en ander) verhaal, aangevul en toepaslik gemaak het. Hierdie redes is later deur homself of ander in die verbondstruktuur van die tweede millennium gerangskik.

Uit die inhoud sowel as uit die struktuur is dit duidelik dat latere redigerings en aanvullings gemaak is. Dit kon deur die priesters of profete (Samuel?) in Sigem (cf. Jos 8:30-35) of later in Jerusalem gedoen gewees het. Die oer-Deuteronomium het om die een of ander onbekende rede egter geheel of gedeeltelik in Jerusalem soek geraak. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat dele of afskrifte daarvan na die skeuring van die ryk in die Noordelike Ryk beland en van toepassing gemaak is nie. Die invloed op die profeet Hosea is kennelik.

Die uiteindelike redigering van Deuteronomium deur gebruikmaking van alle manuskripte het egter weer in Jerusalem plaasgevind nadat dit in die dae van Josia in die tempel ontdek is. Die afsluitingsdatum is moeilik om te bepaal.

## 2. DIE KARAKTER VAN DIE BOEK

Deuteronomium is al as redes, 'n wetskodeks, 'n verbondsdokument, 'n testament, preke, kultiese insettinge, wysheid en 'n hervormingsprogram gekarakteriseer. As al die tiperinge noukeurig oorweeg word, is dit moontlik om vir elke tipe regverdiging te kry.

Die boek dien homself aan as 'n wet of "torah" (1:5) met dit wat daarmee saamhang (insettinge, verordeninge, bevele, getuienisse). Die redes van Moses is torah, dit wil sê dit is nie koue wette nie, maar verbondsonderrig waarin die liefde en genade van Jahweh vir die volk en elke mens oproep om in wederliefde die verbondsverpligtinge na te kom en te lewe. Dit is gepredikte torah. Hierdie torah kom tot ons as deel van Jahweh se verbondsbinding met sy volk.

Hierdie gepredikte torah in sy verbondskleed het nog ander eienskappe:

- Dit bied 'n tydlose model. Dit is die model vir alle geslagte om ou bepalings toepaslik te maak vir nuwe omstandighede. Childs skrywe (1979:212): "It is, therefore, built into the canonical function of Deuteronomy that a new application of old tradition is being offered, but a tradition which had already assumed a normative, written form." Hier moet ook bygevoeg word dat dit nie bloot om die toepaslikheid daarvan gaan nie, maar om die daadwerklike gehoorsaamheid daaraan. In die verklaring kan nie net by die deskriptiewe (Stendahl, 1962:419) en die evaluerende (Clements, 1968:118) gehalt word nie, maar daar kan na die normatiewe (preskriptiewe) deurtas word (Porteus, 1962:157; cf. Clements, 1968:116).

- Dit roep tot eskatologiese beslissings. Die volk verkeer tussen die wete van Gods verkiesing en die verwerkliking daarvan. Jahweh het sy eiendomsvolk verkies, maar die volle verwesenliking van die volk moet nog plaasvind. Die volk het ook 'n verantwoordelikheid en hulle word voor 'n dringende beslissing gestel: "Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag." (30:19, cf. ook 4:1.) (Cf. Harrelson, 1964:102.)

- Die teosentriese perspektief in die kultiese en sosio-maatskaplike roepingsvervulling. Die klem val nie op die kultussentralisasie as sodanig nie, maar op die aanbidding van een Jahweh op die plek wat Hy uit al die stamme sal uitkies. Die individualiteit van die stamme word aan die beginsel van die eenheid van die volk van God ondergeskik gestel. Nie kultuseenheid nie, maar kultusreinheid. (Bogenoemde sluit aan by die siening van Childs (1979:221-223).)

## 3. DIE STRUKTUUR EN OPENBARINGSONDERRIG

### 3.1 Die struktuur

Op grond van 'n deeglike struktuuranalise (wat nie in besonderhede hier weergegee sal word nie) kan 'n bevatlike oorsig van die struktuur as volg op 'n eenvoudige wyse weergegee word.

1 VERBONDSDOKUMENT

1.1 1:1-5 INLEIDING

1.2 1:6-4:49 HISTORIESE PROLOOG

(4:1-40 Besinning en vermaning)

1.3 5:1-26:20 BEPALINGS

5:1-5 Inleiding
5:6-11:32 Basiese bepalings
Dekaloog
Sjema
Vermanings
12-26 Besondere bepalings

1.4 27:1-10 BEWARINGSKLOUSULE

1.5 27:11-29:1 SEËN EN VERVLOEKING

2 EPILOOG

2.1 29:2-30:20 BESINNING OOR VERBONDSBINDING EN GENADE

2.2 31:1-32:47 LAASTE BEMOEDIGINGS EN VERMANINGS

Onder andere: Josua as opvolger aangewys
Wetsvoorlesing en -bewaring
Die lied van Moses

2.3 32:48-34:12 DOODSBERIG EN SEËN (TESTAMENT) VAN MOSES

### 3.2 Die openbaringsonderrig van Deuteronomium

#### 3.2.1 Die boek as verbondsdokument van Jahweh

- Deuteronomium beklemtoon inhoudelik sowel as in sy hele opset die verbondsverhouding tussen Jahweh en sy volk. Inhoudelik word aangesluit by die verbondstradisies van die verlede. Gedurig word na die beloftes van die Abrahamitiese verbond verwys (1:8, 10; 9:5; 29:13). Die verbondsluiting met die hele volk by Horeb neem 'n besondere plek in. Jahweh het by Horeb van aangesig tot aangesig met hulle gespreek (5:2-4) en daarna word gedurig na die verbond met die vaders verwys (4:23; 9:10, 11; 31:16). Die Dekaloog word woordeliks herhaal en beklee 'n sentrale plek in die uiteensetting van die basiese bepalings terwyl ongeveer die helfte van die Bondsboek ten volle of ten dele in die besondere bepalings herhaal word.

  Die volk was 'n slawevolk onderhorig aan die groot koning van Egipte. Hulle was dus die vasal van die Egiptiese groot koning. Jahweh het hulle egter van hierdie verknegte slaweposisie verlos deur hulle uit Egipte uit te lei, en Hy sluit met hulle 'n nuwe vasalverdrag by Horeb waarin hulle nou sy vasalvolk word. In die proloog van die Dekaloog word die volk daarom gedurig daaraan herinner dat hulle uit die slawehuis van Egipte uitgelei is (5:6). Hierdie nuwe verdrag verskil egter van die Ou Oosterse vasalverdrae deurdat dit 'n verhewe liefdesverhouding tot stand bring en dit is gepas om liewer van 'n verbond as 'n verdrag te praat.

  Hierdie verbond is verder 'n kontinuïteit en uitbreiding van die Abrahamitiese verbond deurdat die verbond nie met 'n enkeling (Abraham) gesluit is nie, maar met die nageslag van Abraham as volk. Die klem verskuif ook van Gods beloftes na die verpligtinge van die volk. Die Horeb-verbond is daarom geen geweldadige aardse verknegting nie, maar gee die volle lewensvolheid en lewensvreugde aan elke persoon in die volk en aan die volk as geheel.

- Die wese van die verbond is die plegtige ooreenkoms tussen Jahweh en sy volk sodat daar 'n liefdesverhouding tot stand kom waarin elke party sekere verpligtinge en voorregte besit (cf. Lion-Cachet,

1979:79; Clements, 1978:98). In hierdie verhouding lê die klem op die verpligtinge en by die verbreking van die verbond sal die party wat hom daaraan skuldig maak deur die oordeel van die verbond, naamlik die verbondswraak, getref word. In die Ou Oosterse wêreld gaan die inisiatief gewoonlik van die groot koning uit en Deuteronomium stel dit duidelik dat alle inisiatief van Jahweh uitgaan (4:23; 5:2) alhoewel die woord koning nie in dié verband gebruik word nie. (Jahweh word wel in 33:5 koning genoem, maar dit gebeur selfs relatief baie min in die Ou Testament (cf. Thompson, 1974:69).) Hy belowe sy verbondsliefde (ch-e-s-e-d) (5:10; 7:9), maar Hy is ook die regter van die verbond (32:4) aan Wie die wraak toekom (32:35).

Die persoonlike verbondsverhouding kom daarin uit dat die "ek-jy"-verhouding karakteristiek van die inkleding van die boek is. Die hele Israel word gewoonlik aangespreek met die korporatiewe "jy" wat soms met "julle" afgewissel (of aangevul) is.

'n Belangrike vraag is die vraag of die verbond voorwaardelik of onvoorwaardelik is. Sal Jahweh sy beloftes (verpligtinge) hou as die volk die verbond verbreek? Die antwoord is ongetwyfeld "ja". Jahweh sal sy beloftes hou omdat hy die volk uitverkies en met hulle 'n verbond gesluit het (7:6-8; 9:5-6). Dit beteken nie dat die lede van die volk geen verantwoordelikheid het nie. As hulle die verbond goedsmoeds verbreek, sal Jahweh as die Regter hulle vergeld (7:10). (Vir ander beskouings cf. Clements, 1978:98-99.) Dit wys weer na die misterie van die Goddelike uitverkiesing en menslike verantwoordelikheid.

- Die tydlose kwaliteit van die verbond word beklemtoon. Die verbond is nie 'n verhouding wat net vir die volk wat by Horeb, of by Moab, of by Jerusalem is, geld nie, maar dit geld altyd vir die volk van God. "Die HERE onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die HERE hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is" (5:2-3). Deur die boek weerklink 'n nimmereindigende oproep tot die mense van "vandag" (4:40; 9:3). Die verbond het vir die mense van "nou" betekenis. Daar is altyd 'n verbondsvernuwing.

### 3.2.2 Die inleiding: Dit is Jahweh wat spreek

In die Ou Oosterse vasalverdrae is die naam van die groot koning in die inleiding aangekondig (cf. "Ek is die HERE jou God" in die Dekaloog). In Deuteronomium word die naam van Moses genoem (cf. 1:1; 4:44; 5:1). Moses spreek egter op bevel van Jahweh (1:3) en op versoek van die volk (5:23-27). Jahweh het van aangesig tot aangesig met Moses gepraat (34:10) en so het hy op 'n besondere wyse die mondstuk of profeet van Jahweh geword.

Moses verteenwoordig Jahweh in die verbondsluiting. Dit het nie beteken dat Moses bloot 'n mikrofoon van Jahweh geword het nie (meganiese inspirasie), maar sy verwoording van Jahweh se woord was ten volle gesagvol (geïnspireerd).

Die lyn kan ook openbaringhistories verder deurgetrek word. In Deuteronomium 18:15-22 kondig Moses aan dat daar 'n profeet uit hulle midde verwek sal word na wie hulle moet luister. Dit is eerstens korporatief bedoel en wys na die profete wat na Moses sou kom, maar word ten slotte in Christus vervul (cf. Hand 3:22; 7:37). Moses was so die eerste profeet van die ou verbond, maar God is Self in Christus die groot koning wat die nuwe verbond bekragtig (cf. Craigie, 1976:38).

### 3.2.3 Die historiese proloog (plus ander besinnende gedeelte): Jahweh en sy volk

Streng genome kan die historiese proloog tot die eerste drie hoofstukke van Deuteronomium beperk word. Die vierde hoofstuk is 'n besinnende en vermanende rede. Volledigheidshalwe moet alle ander toepaslike gedeeltes uit die boek ten opsigte van die verhouding van Jahweh tot sy volk egter ook betrek word.

Die proloog bevat gewoonlik die genadige optrede van die groot koning teenoor die vasal. Hierdie geskiedkundige oorsig vorm dan die grond waarop die groot koning sy eise tot volkome lojaliteit kan stel. Dit is nie 'n wetenskaplike relaas wat eie aan die moderne geskiedenis is nie. "History, then, in ancient Israel, provoked by antiquarian interests, or even a philosophical quest for self understanding in the context of past

events. History revealed what God had done for his people; it intimated his will " (Craigie, 1976:40).

Moses het die geskiedenis van Israel vanaf Sinai so gekies dat sy lesers goed kan verstaan wat Jahweh met die weerbarstige volk gedoen het. In die latere gedeeltes (bv. Deut 7) word selfs nog verder tot by die ontstaan (verkiesing) van Israel teruggegaan.

- Kragtens Gods verkiesing wat duidelik uit die geskiedenis en die verbondsluiting blyk, is Israel die vasalvolk van Jahweh. In teenstelling met die gewone nederige posisie van 'n vasal, beklee Israel in sy verhouding tot Jahweh 'n besondere plek: Israel is die eiendomsvolk, die privaatbesit van Jahweh (7:6; 14:2; 26:18). Israel is uit Egipte uitgelei om sy erfvolk (4:20), sy erfgenaam, te wees.

Bogenoemde kan saamgevat word deur te sê dat Israel vir Jahweh 'n heilige volk sal wees (7:6; 14:2). Jahweh is heilig, dit wil sê Hy is volkome anders as wat enige skepsel Hom kan voorstel, Hy is selfgenoegsaam in sy majesteit, absoluut rein in sy wese en in sy werke. Woorde skiet te kort om die omvang van sy heiligheid in woorde uit te druk. Israel is heilig omdat Israel aan Jahweh behoort en die eis word aan hulle gestel om heilig te lewe deur in sy weë te wandel (8:6). Israel moet sy roeping vervul deur heilig te lewe.

Die volk word wel aangespreek maar die oproep geld elke persoon en elke omstandigheid. Deuteronomium beklemtoon opnuut dat die heiligheid op alle terreine van die lewe, naamlik die religieuse, die sosiale en die politieke lewe van die volk van toepassing gebring moet word (cf. Clements, 1968:33).

- Gewoonlik word die basiese faktore wat die bestaan van 'n volk bepaal kortliks as volg saamgevat: Hul gemeenskaplike afstamming en geskiedenis, hul land en taal. (Ander faktore wat meetel is kultuur, selfbewussyn, ens.)

In Deuteronomium val die klem eerstens op die **verkiesing** (4:37; 7:6; 10:15). Dit is die enigste boek in die Ou Testament wat so openlik van

die verkiesing praat (Gottwald, 1959:341). (Vergelyk Romeine in die Nuwe Testament.) Jahweh kies Israel omdat Hy Israel liefhet (4:37; 7:8; 10:15; 23:6/5) en met hulle 'n verbond gesluit het (7:8). Daarom verlos (p-a-d-a-h) Hy Israel uit Egipte, dit wil sê dat Hy die losprys vir Israel betaal het (cf. Thompson, 1974:70) en Hy lei en bewaar hulle op hulle pad na die beloofde land.

Tweedens bly die genealogie steeds 'n basiese faktor. Deuteronomium bevat geen geslagsregister nie. In 26:5 word alleen van hul voorvader as 'n swerwende Arameër gepraat. Tog word die nageslag van Abraham, Isak en Jakob aangespreek (1:8; 6:10; 9:5, 27; 29:12 (13); 30:20 en 34:4) en die volk word in hulle stamverband erken (1:13; 5:20 (23); 12:5; 29:17 (18); 33:5). In 7:3 word huwelike met ander volke verbied, maar dit gaan om 'n verbod teen huwelike met ongelowiges. Alhoewel die klem nie op bloedsuiwerheid val nie word die genealogiese lyn ten volle erken. Jahweh werk met die volk as man en vrou, geslag en stam (29:17 (18)).

Derdens is die geskiedenis belangrik. In die proloog (1-3) val die klem veral op die geskiedenis van Horeb tot by Moab. Die meer as veertig jaar van omswerwing is vir Israel onder die leiding van Jahweh 'n gemeenskaplike ervaring.

Vierdens is die belofte van 'n gemeenskaplike land 'n altyd terugkerende belofte. Aan die eenkant sou die besit van die land byna identies wees met die bestaan van die volk (28:64, 65), maar aan die anderkant was Israel 'n volk en sal hy dit bly al het hy geen land besit en beheer nie. Israel was al ten volle volk van Jahweh voor die intog (cf. 27:9) en sal dit bly solank dit God behaag.

Vyfdens speel die kultuur 'n belangrike rol. Dit is opmerklik dat daar nie veel onderskeid is in die bepalinge rondom die religie, die sosiale instellinge en die staatkundige instellinge is nie. Die heiligheid van die volk vereis egter dat hulle op elke terrein 'n eie karakter sal openbaar. Alles wat beveel word, moet ook aan die kinders oorgedra word (cf. 6:7). Taal as faktor kom nie pertinent ter sprake nie.

Ten slotte moes Israel van sy roeping teenoor Jahweh bewus wees. Hulle was die "volk van Jahweh". Die verbondstradisie het bygedra tot die "community's selfunderstanding" (Mendenhall, 1973:xi). Die selfbewussyn dat hulle "volk van Jahweh" is, het hulle sonder rassisties-biologiese kentekens, sonder land, sonder 'n kenmerkende taal van die ander volke onderskei. Hierdie selfidentifikasie en lojaliteit teenoor Jahweh wat 'n geestelike of selfs 'n psigologiese ingesteldheid openbaar, sou, omdat dit emosioneel van aard is, motivering en dryfkrag aan die volk gee.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Gods verkiesing die bestaan van Israel (en ander volke (32:8)) bepaal en dat die ander faktore gesamentlik of afsonderlik (twee of meer) die middels in sy hand is om die kwaliteit van hul volkskap te bepaal. Omdat God die bestaan van Israel (en die volke) bepaal het, gee Hy aan die volk hul erfdeel en hulle gawes en bepaal Hy ook die eise en die verantwoordelikheid wat hulle moet nakom.

### 3.2.4 Die basiese bepalings wentel om die belydenis: Jahweh is EEN

In die Ou Oosterse basiese bepalings word gewoonlik die volkome lojaliteit van die vasal geëis. Hierdie eise vorm die belangrikste deel van die verbondsdokument. Ons kan dit ook sien in Deuteronomium waar die gedeelte met 'n eie inleiding begin (5:1-5). In die basiese bepalings (5-11) word veral op die Dekaloog (5:6-21) en die Sjema (6:4-9) gekonsentreer. Die grootste gedeelte van Hoofstuk 5-11 is nadere verklaring en prediking.

Waar die Dekaloog oorwegend negatief ("jy mag nie") opgestel is, was dit nodig om die basiese verhouding tussen God en mens in die Sjema positief te stel. Die Masorete het net 6:4 beklemtoon terwyl die Nuwe Testament 6:4-5 (Mark 12:29-30) of net vers 5 (Matt 22:37; Luk 10:27) as die groot gebod aanhaal.

In 6:4 staan daar baie letterlik: Jahweh is EEN. (Daar is verskillende ander vertalingsmoontlikhede. (Cf. Janzen, 1987.) Die uitspraak beklemtoon onder meer dat geen ander god naas Jahweh geken of erken mag word nie. Alle afgodery word verdoem.

Jahweh is ook enig. Nadere verklarings kom in 10:14, 15, 17-18; en in 11:13-21 voor. Jahweh is HERE van alle here, groot, magtig, gedug, wat die persoon van geeneen aansien nie en geen omkoopgeskenk aanneem nie. Hy is die skepper, onderhouer en herskepper. Hy is die Koning, die Here, die Regter en die Stryder. Hy het sy volk uitverkies omdat Hy hulle liefhet en met hulle 'n verbond gesluit het.

Jahweh is liefde en eis liefde (5:10; 7:7-8 en 6:5; 7:9; 10:12; 19:9; 30:6, 16, 20). Hierdie beklemtoning van die liefde is nogal seldsaam in die Ou Testament. Dit is eienaardig dat liefde tot die naaste ("jy moet jou naaste liefhê soos jouself") nie met soveel woorde in Deuteronomium voorkom nie. In Hoofstuk 12-26 word dikwels geregtigheid teenoor die naaste gevra of veronderstel (bv. 16:18 en 20). Tog is die eis om liefde tot ander nie totaal afwesig nie: "Daarom moet julle die vreemdeling liefhê, want julle was vreemdeling in Egipteland." (10:19.)

In die Ou Testament waar die seremoniële kultiese handelinge skynbaar so oorbelig word, onderstreep Deuteronomium juis die liefde. In die verhouding tot Jahweh is die liefde met jou hele hart die belangrikste (6:5), alhoewel die meer uitwendige nie nagelaat moet word nie (6:8-9). Die liefde maak van Deuteronomium nie koue legale voorskrifte nie, maar die riglyne waarin 'n liefdevolle hart sy liefde sal openbaar.

### 3.2.5 Besondere bepalings: Die eise van Jahweh

Die besondere bepalings dek gewoonlik 'n groot veld. Hieronder val die bepalinge oor die heiligdom, afgodery, seremonies, burgerlike en kriminele oortredings, seks, persoonlike verhoudinge, ensovoorts. Die kenmerkende is dat daar geen skeiding is tussen die burgerlike en die sakrale wette nie (die jus en die fas).

Baie van die bepalinge sluit aan by die gewoontreg van daardie tye. Daar kan selfs mooi vergelykings met die wette van Hammurabbi wat uit 'n vroeër tyd dateer, gemaak word. Die herhaling en aanvulling (aktualisering) van die vroeëre Bondsboek is kenmerkend. Die sentralisasie van die kultus (12), bepalings in verband met die profeet (13), die koning (17), en die tiendes (14:22 e.v.) is voorbeelde van laasgenoemde stelling.

Die doel van wetsonderhouding was nooit om beperkings op lewensvreugde te plaas nie, maar, in teendeel, die eis om voor die HERE vrolik te wees, kom dikwels voor (12:7; 14:26; 16:11, 14, 15: 26:11). Die belofte word gegee dat die een wat die torah onderhou die goeie in die lewe sal geniet en dat sy lewensvreugde verleng sal word (4:40; 11:9; 12:28; 13:17; ens.). Die torah is genade en geen las nie (5:32-33) en dit geld vir die kind tot die koning van die land (6:7 en 17:18-20) (cf. Clements, 1968:58-61).

'n Behandeling van die besondere bepalings of selfs 'n paar geselekteerde bepalings (die sentralisasie, die leiers) of die belofte van die beloofde land val nie binne die opset van hierdie artikel nie. Die bepalings beklemtoon die eis tot gehoorsaamheid en roep die volk om in die gebooie van Jahweh te wandel (cf. 4:1; 11:16-17; 28:1-68).

### 3.2.6 Die seëninge en vervloekinge

Hoofstuk 27:12-26 kan as die inleiding (met sekere seremonies) tot die eintlike lys van seëninge en vervloekinge in 28:1-68 beskou word. (Sommige beskou dit as 'n latere invoegsel.) In die Ou Ooste was die seëninge en vervloekinge meer simbolies van aard. In Deuteronomium was dit nie maar net woorde nie. Jahweh is die Goddelike Regter oor die verbond (7:10) en wat Hy gesê het, sal inderdaad gebeur.

As die volk gehoorsaam is, sal Jahweh hulle seën, as hulle ongehoorsaam is, sal hulle vervloek word. Die seën en die vloeke raak die natuur (o.a. sy vrugbaarheid), die volk (o.a. sy landsbesit) en die mens (o.a. sy gesondheid). Die toppunt van die vloek oor die landsbesit is die totale verlies van die land (ballingskap en verstrooiing onder die nasies) (28:64-65).

Hy wat die woorde van die torah nie hou nie, is totaal vervloek (27:26; 28:66-67). Wat is dit anders as die ewige dood? In Galasiërs 3:10 word Deuteronomium 27:26 aangehaal en bygevoeg dat daar niemand is wat deur die wet regverdig word nie. Dit is alleen Christus wat Israel en ons van die vloek van die wet kan vrykoop (Gal 3:13). Die beloftes in Deuteronomium kan dus alleen in Christus vervul word. Dit geld ook

die landsbesit. "Salig is die sagmoediges want hulle sal die aarde besit." (Matt 5:5.)

### 3.2.7 Die epiloog

Die epiloog bevat verdere besinning (prediking) (29:2-30:20), bemoedigings en vermanings (31:1-32:47) en die doodsberig van Moses (32:48-34:12). Dit dui aan dat die eerste torah-gedeelte baie besin, toegepas en geaktualiseer is.

'n Paar belangrike aspekte is onder andere die aanwysing van Josua as Moses se opvolger; die noem van die volgende getuies: die hemel en die aarde (30:19), die lied van Moses (31:19) en die wet (31:26); en die seën of geestelike testament van Moses.

## 4. DIE BETEKENIS VAN DEUTERONOMIUM IN DIE OU EN NUWE BEDELINGS

"Deuteronomy is one of the greatest books of the Old Testament. It's influence on the domestic and personal religion of all ages has not been surpassed by any other book in the Bible." (Thompson, 1974:11.) Thompson mag te veel gesê het, maar sy woorde onderstreep die belangrikheid van die boek. Wetenskaplike navorsing het inderdaad 'n pragtige bydrae gelewer om die plek van Deuteronomium te bepaal, maar dit is ook waar dat die onwetenskaplikes op hulle naïwe maniere soms die betekenis van hierdie dokument beter as die geleerdes verstaan het.

Deuteronomium sal vir toekomstige geslagte as voorbeeld dien van die gesagvolle gebruik van die torah en die binding aan die verbond. Die torah is geen koue wet nie, maar is die regte antwoord van die verbondskind wat sy Vader liefhet. Die verbond is ook nie 'n argaïse dokument nie, maar bly altyd nuut en baie van die beloftes moet nog in die toekoms in vervulling gaan.

Die Deuteronomistiese perspektief en die Mosaïse tradisie het 'n besliste invloed op die koningstydperk gehad. Die skrywers van die kronieke van die konings sou seker van hierdie tradisies kennis geneem het en die skrywers van die openbaringsgeskiedenis (Josua-Konings) toon die invloed van Deuteronomium (cf. Weinfield, 1972; Mayes, 1983). Redaksionele arbeid aan Josua-Konings kan sekerlik nie ontken word nie, maar die ooreenkomste met die Deuteronomistiese perspektief hoef nie aan 'n Deuteronomistiese geskiedskrywings-"skool" toegeskrywe te word nie. Selfs die profete het gedurig met die torah rekening gehou (2 Kon 17:13-18). So is Jeremia 31:31-34 'n herhaling, aanvulling en aktualisering van Deuteronomium 6:4-10 (cf. Han, 1987:58-59).

Deuteronomium is dikwels in die geskrifte van die Qumran en natuurlik in die Nuwe Testament aangehaal. Dit is trouens een van die boeke wat die meeste in die Nuwe Testament aangehaal word (ongeveer 200 keer). 'n Paar voorbeelde uit die Nuwe Testament kan die belangrikheid van Deuteronomium aantoon. Die wyse waarop aangehaal word, beklemtoon die toepassing en aktualisering van die geldende beginsel in 'n nuwe bedeling.

Die voorbeelde word tot die aanhalings (aanhalings, kort verwysings, beroepe op die sin van Deuteronomium-tekste) van Jesus soos in die evangelies opgeteken, beperk. Daar kom 40 aanhalings voor: waarvan 16 uit die basiese bepalings en 18 uit die besondere bepalings in Deuteronomium kom. (Herhalings onder dieselfde omstandighede in die verskillende evangelies word in ag geneem, maar nie vir meer as een getel nie.)

- Jesus se byvoegings gee menige keer die wese van die bepalings weer terwyl dit in die tradisie veruitwendig is. So is die Dekaloog verskeie kere aangehaal en wesenlik verklaar: "En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die sabbat nie." (Mark 2:27; Deut 5:12-14.) Vergelyk die Heidelbergse Kategismus wat die samekoms (om die Woord te hoor, sakramente te gebruik, te bid en armes te versorg) en die rus van bose werke beklemtoon. Laasgenoemde verklaring sluit ook aan by die bewaringsklousules van die Ou Oosterse vasalverdrae. Dink verder aan: "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.

Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het."

- Die "tweede tafel" van die Dekaloog word nie alleen saamgevat met: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt 19:18-19) nie, maar hierdie woorde uit Levitikus 19:18 word ook by die groot gebod gevoeg (cf. Mark 12:29-30 waar die Sjema in Deut 6:4-5 volledig aangehaal word en Matt 22:37 en Luk 10:27). Die beklemtoning van die "liefde tot die naaste" is inderdaad 'n nuwe beklemtoning om nie te sê 'n nuwe gebod nie. Levitikus 19 bevat legale bepalings en vers 18b is 'n korrektief en motivering dat daar in die sosiale optrede van die een teenoor die ander geen wraakgierigheid of haatdraendheid mag wees nie. Dit is ook geen gebod om jouself lief te hê nie, maar: "It takes the presumed 'love of oneself' as the measure of behavior towords others." (Noth, 1965:18, t.o.v. Lev 19:18.) In Deuteronomium volg daar wel die bepaling om vreemdelinge lief te hê (10:19) en dit omdat Jahweh sy hardnekkige volk en die vreemdelinge liefgehad het (10:15-18).

- Die aanhalings is gewoonlik baie kort, terwyl Jesus sekere weglatings en byvoegings maak. So aktualiseer en verklaar Hy die Deuteronomistiese bepalings. "Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie." (Matt 26:11; Mark 14:7; Deut 15:11.) "Omdat Moses weens die hardheid van julle harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei, maar van die begin af was dit nie so nie." (Matt 19:8; cf. Mark 10:4; Deut 24:1.) In Deuteronomium gaan dit ook om 'n huwelik wat klaar voltrek is en die man daarna iets skandeliks aan die vrou ontdek het. Vergelyk verder Deuteronomium 5:10-20 met Lukas 18:20; Deuteronomium 8:3 met Matteus 4:4 en Lukas 4:4; Deuteronomium 17:6 en 19:15 met Matteus 18:16 en Johannes 8:17; Deuteronomium 33:2 (LXX) met Matteus 25:31.

- Jesus het Rabbinistiese tradisies en ander dwalings gekorrigeer (cf. Matt 5:21 en Deut 5:21; Joh 4:20-23 en Deut 11:29 en 12:5-14). In Matteus 5:38-39 is daar 'n moontlike uitwissing van 'n Deuteronomistiese bepaling (19:21). Jesus sê: "Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. Maar Ek sê vir

julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe." Dit is egter belangrik om daarop te let dat die jus talionis die regsbeginsel baie skerp stel. Dit gaan in Deuteronomium (cf. ook Eks 21:23-25; Lev 24:17-21) nie om persoonlike wraak nie, maar om aan die regter wat straf moet bepaal, 'n riglyn te gee, naamlik dat die straf in verhouding tot die oortreding moet wees. Dit is nie 'n lisensie vir wraak nie, maar juis 'n waarborg vir regverdigheid. Die mense van die Ou Ooste het dit heelwaarskynlik ook so verstaan, want daar is geen argeologiese getuienis van 'n rigoristiese toepassing van hierdie bepaling nie (cf. De Vaux, 1961 I:266; Von Rad, 1966:129). Die een uitsondering word vandag nog in Christelike lande toegepas: "'n lewe vir 'n lewe".

Jesus stel dus nie die regsbeginsels buite werking nie, maar tree teen 'n misplaaste sosiale wraakgierigheid op. Hy stel daarteenoor die eis om verdraagsaamheid en liefde. Jesus se woorde het in vandag se samelewing nog niks van hul krag verloor nie.

- Jesus verbreed en vernuut in sekere gevalle die eng Israelitiese perspektief. As Deuteronomium 30:4 die Israelitiese verstrooides in gedagte het, spreek Matteus 24:31 met 'n apokaliptiese visie (cf. ook Deut 31:26-27 met Joh 5:45; Deut 33:9 en Matt 10:37 en Luk 14:26).

## 5. TEN SLOTTE

Die boek Deuteronomium wat 'n besondere openbaringsonderrig bevat, het deur die eeue heen sy krag behou. Dit bevat die groot gebod dat Jahweh EEN is en die wese van ware Godsdiens en naasteliefde. Hierdie openbaringsboek kan nie in die praktyk van vandag verbygegaan word nie en het in Christus 'n blywende betekenis.

BIBLIOGRAFIE

ACHTEMEYER, Elizabetht. 1987. Plumbing the riches. Deuteronomy for the preacher. Interpretation, XLI:3:269-281.

CHILDS, B.S. 1979. Introduction to the Old Testament as Scripture. London : SCM.

CLEMENTS, R.E. 1968. God's chosen people. London : SCM.

CLEMENTS, R.E. 1978. Old Testament theology. A fresh approach. London : Marshall, Morgan & Scott.

CRAIGIE, P.C. 1976. The book of Deuteronomy. Grand Rapids : Eerdmans.

DAUBE, D. 1974/1969. Studies in Biblical law. New York : KTAV

DE VAUX, R. 1961. Hoe het oude Israël leefde. Roermond-Maaseik : Romen.

EISSFELDT, O. 1966. The Old Testament. An introduction. Oxford : Blackwell.

GOTTWALT, N.K. 1959. A light to the nations. New York : Harper & Row.

HAN, J.G. 1987. The restoration of Israel in covenant perspective. Potchefstroom : PU vir CHO.

HARRELSON, W. 1964. Interpreting the Old Testament. New York : Holt, Rinehart & Winston.

HOUTMAN, C. 1980. Inleiding in de Pentateuch. Kampen : Kok.

JANZEN, J.G. 1987. The yoke that gives rest. Interpretation, XLI:3:256-268.

JANZEN, J.G. 1987. On the most important word in the Shema (Deuteronomy VI 4-5). **Vetus Testamentum**, XXXVII:3:280-300.

KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1949. The Pentateuch III. BCOT. Grand Rapids : Eerdmans.

LION-CACHET, F.N. 1977. Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sianïese verbond. Potchefstroom : PU vir CHO.

MC BRIDE, S.D. (Jr). 1987. Polity of the covenant people. **Interpretation**, XLI:3:229-244.

MAYES, A.D.H. 1979. Deuteronomy. London : Olipants.

MAYES, A.D.H. 1983. The story of Israel between settlement and exile. London : SCM.

MENDENHALL, G.E. 1973. The tenth generation. Baltimore : John Hopkins Univ.

MILLER, P.D. (Jr). 1987. "Moses my servant." The Deuteronomic portrait of Moses. **Interpretation**, XLI:245-255.

NOTH, M. 1965. Leviticus. OTL. London : SCM.

NICHOLSON, E.W. 1967. Deuteronomy and tradition. Oxford : Blackwell.

PORTEUS, N.W. 1962. The theology of the Old Testament. (In M. Black and H.H. Rowley, **red**. Peak's commentary on the Bible. Edinburgh : Nelson.)

PREUSS, H.D. 1982. Deuteronomy. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

STENDAHL, K. 1962. Biblical theology, contemporary. (In Interperter's dictionary of the Bible, I:418-432. Nashville : Abingdon.)

THOMPSON, J.A. 1974. Deuteronomy. London : Inter-Varsity.

VAN ROOY, H.F. 1977. Verdrae en Deuteronomium. Potchefstroom : PU vir CHO.

VON RAD, G. 1966. Deuteronomy. OTL. London : SCM.

WEINFELD, M. 1972. Deuteronomy and the Deuteronomic school. Oxford : Clarendon.